DF Fokus 3/2010

HOëRSKOOL D.F. MALHERBE

Tel.: 041-5813145 **E-pos**: dfm@telkomsa.net
Faks: 041-5813118 **Datum:** 26 Maart 2010

****

Geagte ouer(s)/voog(de)

Hiermee saam kry u u kinder(s) se rapport(e). Gaan dit asseblief met hom/haar deur, onderteken die afskeurstrokie en stuur dit die eerste dag van volgende kwartaal terug. Dis weer eens belangrik om daarop te let dat die punte op 'n toetsreeks gebaseer is, en dus moontlik nie so 'n getroue weergawe is van wat in eksamen-omstandighede van u kind verwag word nie. Swak punte of selfs 'n druip-uitslag moet egter rede tot groot kommer wees. Terselfdertyd sal dit natuurlik as aansporing tot baie harder werk moet dien. Alle ouers is welkom om op 13 April na die
oueraand te kom indien u graag u kind se verslag wil bespreek.

U ontvang saam met hierde skrywe ook 'n brief van die Voorsitter van die Beheer-liggaam rakende die skool se taalbeleid. Bestudeer dit asseblief en woon die vergadering op 14 April 2010 by.

GELUKWENSINGE

Hartlik geluk aan die volgende Malherbiete en hul ouers:

Atletiek: Die volgende atlete het deurgedring tot die Metro-span wat aan die Oos-Kaap Kampioenskap te Westbourne Oval deelgeneem het. Jamie-Lee Schlemmer (o/14) is in die o/15-span opgeneem, Karel Prinsloo (o/15), Aleesha Gerber (o/17) en Marolien Gouws het vir die SA Kampioenskap gekwalifiseer.

Karate: Danica Loock is in die OP Karate-span opgeneem.

Argus: Monique Gerber het tydens die Argus in die beroepsbondel weggespring. Sy het die 38ste plek behaal uit 5470 dames wat die wedren voltooi het. Sy het haar baie goed van haar taak gekwyt ten spyte van teenspoed en het o.a. die o/19 SA-Kampioen, Eugenie Gouws, gewen. Monique het ook nou haar SA Kampioenklere ontvang.

Immuniseringsveldtog teen Polio en Masels

Suid-Afrika het meer gevalle van masels die afgelope jaar van 2009-2010 gehad as jare tevore. Masels kan blindheid, gehoorprobleme, breinskade, longontsteking en selfs dood veroorsaak.
Die Departement van Gesondheid kom die skool besoek op 15 April 2010 om o/14 leerders te immuniseer teen genoemde siektes. Die polio druppels sal weer Mei 2010 herhaal word sowel as Vit. A en ontwurmingmedikasie. Sou u belangstel dat u kind ingeënt moet word, kan u asb. die skool skakel.

GEDENKWEEK

11 & 12 Mei 2010

DFM SKOUSPEL - "Die Vlug"

Tyd: 19:00

Koste: R40 per volwassene

R30 vir leerders/kinders

Die Vlug beloof om iets heel besonders te wees. Hou die datums oop - stampvol gehore op elke aand sal vir die hardwerkende en talentvolle leerders groot beloning wees. Kaartjies beskikbaar aan die begin van volgende kwartaal in die biblioteek by mev
Keyser. Dit beloof om 'n genotvolle en inspirerende produksie te wees!

13 Mei 2010

GEDENKLESING

GASSPREKER: Prof. Willie Esterhuyse

Tyd: 20:00

Toegang: Gratis

14 Mei 2010

Andriëtte Norman

Tyd: 19:00

Koste: R80 per person

Plekbespreking - Mev Keyter 041 5813145

'n Bietjie meer oor Andriëtte - eens 'n Idols-wenner. Haar debuutalbum, *Diamant*, met die pragtige treffer Napoleon, uit Steve Hofmeyr se pen, het verlede jaar die Vonktoekenning vir die beste album deur 'n sangeres ontvang. Behalwe vir twee vertalings (*Sonder woorde en Smile vir my*) is al die Afrikaanse snitte op haar opvolgalbum oorspronklike nuutskeppinge uit die pen van hoofsaaklik Johan Oberholzer en André Swiegers. Andriëtte maak van verskillende musiekstyle gebruik, want sy wil, kan en mag sing!! Boonop straal sy 'n ongekunstelde skoonheid en jeugdige ongereptheid uit wat onmiddellik boei. Andriëtte Norman is 'n puik bewys van wat dit van 'n sangeres verg om die beste te wees!

PERSONEEL

Baie dankie aan mev R Myburgh wat as plaasvervangende onderwyseres uitgehelp het in die Afrikaanspos. Dankie veral vir u deeglikheid en manier waarop u ingeskakel het by die skool.

Mnr L Sangerhaus sterk op die oomblik aan na 'n groot operasie. Ons vertrou dat hy volkome sal herstel en weer by ons in die tweede kwartaal sal aansluit.

Mnr Hauman moes onverwags in Februarie 'n ernstige nekoperasie ondergaan. Ons is bly om te rapporteer dat die operasie 'n sukses was, dat Meneer volkome herstel het en dat hy weer begin tweede kwartaal by ons aansluit.

UITSLAE

SWEM: Jamie-Lee Schlemmer het aan SA Kampioenskap in Bloemfontein deelgeneem. Sy het soos volg presteer: dogters o/14 200 wisselslag 9de, 800m vryslag 3de en in die 50m rugslag het sy haar persoonlike beste tyd gelewer.

KRIEKET: DF o/14 vs Uitenhage High. DF wen met 75 lopies. DF vs Mfuneko Ngam. DF verloor met 6 paaltjies.

TENNIS: **Dogters:** DF 3de span vs Brandwag: verloor 0-12.

Seuns: DF 3de span vs Daniël Pienaar: verloor 4-8. DF 2de span vs Daniël Pienaar verloor 0-12. DF 1ste span vs Framesby verloor 2-10.

GHOLF: DF vs Brandwag en Framesby. Verloor teen beide. Spelers van die wedstryde: A1 Mieke de Ridder, C1 Jaco Wolmarans en Christiaan le Grange. C2 Werner Bronkhorst.

AMATEURSTOEI: Jean-Martin Ras het 2de gekom in sy gewig in die president o/17-afdeling. Chris Curtain 2de in sy gewig in die president o/17-afdeling en 2de in die senior, o/20-afdeling.

RUGBY: Gill Sportfees: DF o/14 vs Aeronville: wen 30-7. o/15 vs Areonville: wen 52-0. 1ste span vs Adelaide Gim: wen 19-3. Puntmakers vir eerstes: Drieë - Ryno Meiring, Armand Korf, André Janse van Vuuren. Doelskoppe: Armand Korf (2). Despatch Sportfees: DF 1ste-span vs Grens: gelykop 3 elk. 1ste-span vs Stirling: verloor 13-15. o/15 vs Stirling: verloor 5-7. o/15 vs Grens wen 36-3. o/14 vs Stirling: verloor 0-28. o/14 vs Grens: verloor 0-32.

NETBAL: Gill Sportfees: 1ste span vs Gill: wen 8-6. Vs Adelaide: wen 9-1, vs Nico Malan: verloor 1-12, vs Volkskool: wen 13-8, vs Winterberg: wen 7-6. Despatch Sportfees: DF 1ste–span vs Gill: verloor 3-5, vs Knysna: verloor 3-4, vs Hangklip: verloor 4-5, vs Oudtshoorn: verloor 5-8, vs Grens: verloor 3-12, vs Kirkwood: gelykop 8 elk.

HOKKIE: 1ste Dogtershokkie vs Winterberg: gelykop 0-0. Vs Adelaide: wen 3-0. Despatch Sportfees: DF 1ste-span vs Hangklip: gelykop 0 elk, vs Knysna: verloor 0-2, vs Oudtshoorn: verloor 1-4, vs Knysna verloor 0-1, (DF speel tweekeer teen Knysna).

GOUE GEDAGTES

Die grootste boom was eers ‘n klein saadjie wat onder die regte omstandighede ontkiem het.

Arnold H Glasgow

BELANGRIKE DATUMS VIR DIE 2DE KWARTAAL

April

1 - Matriektoer keer terug
12 - Skole heropen. Personeel vergadering. ATKV Redenaars. Wintersdrag. Dag 1
13 - Oueraand: Akademie
14 - Oueraand - Taalbeleid
17 - Rugby/Netbal vs Cillié (T). Hervormde Kerk basaar.
19 - Leeskursus personeel
20 - Klasfoto's
22 - Klub 55 begin
24 - Rugby/Netbal/D-hokkie Gill (w)
26 - Skole vakansiedag
29 - Klub 55
30 - VCSV basaar

Mei

4– 5 - Laerskool besoeke
6 Klub 55
8 - Baldans Interskole Kompetisie, Rugby Humansdorp Sekondêr (T)
10 - Gedenkweek. Toneelopvoering, Gedenklesing & Kabaret
11 - Senior Olimpiade (Taal)
13 - Hemelvaart-Pinkster begin. Gedenklesing
14 - Streeksuitdun v/d ATKV-nasionale redenaarskompetisie (Framesby). Kabaret
Opstelle eksamen (Afr & Eng) 2 sessies. Leierspan sien SAOU (tot die 15de).
Andriëtte Norman.
15 - Rugby, Netbal, D/hokkie, S/hokkie Westering (W)
19 - Graad 7 Oueraand
20 - Klub 55
22 - Rugby, Netbal, D/hokkie, S/hokkie Despatch (W)
24 - Eksamen begin
29 - Rugby HTS Newton (T)

Junie

4 - Eksamen klaar op 7Junie
8 - Koffiekroeg
9 - Skool sluit

Julie

13 - Skole heropen vir alle leerders. Puntebespreking

OUERBESOEKE AAN SKOOL

Alle ouers se samewerking t.o.v. die volgende word gevra:

1. Indien u met u kind kontak wil maak, meld asb. eers by die kantoor aan.
2. Moenie u kind tydens klastyd skakel of 'n sms stuur nie.
3. Indien u kind oor iets ontsteld is of siekerig voel, moet hy/sy eers by die kantoor aanmeld. Daar is geen nodigheid vir enige leerder om sy/haar ouers uit 'n klaskamer te skakel nie.

Openbare- en Skoolvakansiedae 2010

1 Januarie	Nuwejaarsdag
21 Maart	Menseregtedag
22 Maart	Publieke vakansiedag
2 April	Goeie Vrydag
5 April	Gesinsdag
26 April	Skole vakansiedag
27 April	Vryheidsdag
1 Mei	Werkersdag
16 Junie	Jeugdag
9 Augustus	Vrouedag
24 September	Erfenisdag
16 Desember	Versoeningsdag
25 Desember	Kersdag
26 Desember	Welwillendheidsdag
27 Desember	Publieke vakansiedag

SKOOLKALENDERS VIR OPENBARE SKOLE 2010			
BINNELAND PROVINSIES (VRYSTAAT, GAUTENG, LIMPOPO, MPUMALANGA EN NOORDWES)		KUS PROVINSIES (OOS KAAP, KWAZULU-NATAL, NOORD KAAP EN WES KAAP)	
2010		2010	
1	(11) 13 Jan - 26 Maart	1	(11) 13 Jan - 26 Maart
2	12 April - 9 Junie	2	12 April - 9 Junie
3	13 Julie - 23 Sept	3	13 Julie - 23 Sept
4	4 Okt - 10 Des	4	4 Okt - 10 Des

Dankie vir u aandag!
Vriendelike groete

P. HAUMAN
SKOOLHOOF